(*b*) Beginning at the point where the prolongation of the middle of Eighth Avenue, Noupoort, intersects the north-western boundary of Erf No. 306, Noupoort; thence south-eastwards along the said prolongation and the middle of the said Eighth Avenue and the prolongation thereof to the point where it is intersected by the prolongation of the eastern bounday of Erf No. 642; thence southwards along the said prolongation to the north-eastern beacon of the said Erf No. 642; thence southwards along the boundaries of Erf No. 311, so as to exclude it from this area, to the north-eastern beacon of Erf No. 351; thence north-westwards along the north-eastern boundary of the said Erf No. 351 and the prolongation thereof to the point where it intersects the north-western boundary of Erf No. 306; thence north-eastwards along the north-western boundary of the said Erf No. 306 to the point first named.

BORDER STRIP.

(*c*) Beginning at the south-western beacon of Erf No. 570, Noupoort; thence eastwards along the boundaries of the following properties so as to exclude them from this area: the said Erf No. 570, Erf No. 601, across Middelburg Road, Erven Nos. 557 and 539, across Vrede Street and Erf No. 526 to the south-eastern beacon of the last-mentioned erf; thence eastwards along the prolongation of the southern boundary of the said Erf No. 526 to the point where it is intersected by the prolongation northwards of the eastern boundaries of Erven Nos. 630 and 629; thence southwards along the said prolongation to the point where it is intersected by the prolongation of the middle of Eighth Avenue; thence westwards along the said prolongation and the middle of the said Eighth Avenue to the point where it is intersected by the prolongation of the western boundary of Erf No. 568; thence northwards along the said prolongation and the boundaries of the said Erf No. 568 and Erf No. 569, so as to include them in this area, to the beacon first named.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. 55, 1965.]

DATUM VAN INWERKINGTREDING VAN DIE WET OP DEELNEMINGSVERBANDE 1964.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *sewentien* van die Wet op Deelnemingsverbande, 1964 (Wet No. 48 van 1964), verklaar ek hierby dat die bepalings van genoemde Wet op die eerste dag van Mei 1965 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Tweede dag van Maart Eenduisend Negehonderd Vyf-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

T. E. DÖNGES.

No. 55, 1965.]

DATE OF COMING INTO OPERATION OF THE PARTICIPATION BONDS ACT, 1964.

By virtue of the powers vested in me by section *seventeen* of the Participation Bonds Act, 1964 (Act No. 48 of 1964), I hereby declare that the provisions of the said Act shall come into operation on the first day of May, 1965.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Second day of March, One thousand Nine hundred and Sixty-five.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

T. E. DÖNGES.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

No. 324.] [12 Maart 1965.

STAATSTENDERRAAD.

Kragtens die bepalings van die Staatstenderraad-regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 1541 van 2 Oktober 1964 en gewysig by Goewermentskennisgewing No. R. 2033 van 11 Desember 1964, het die Minister van Finansies ondergenoemde aanstelling in die Staatstenderraad gemaak:—

As verteenwoordiger van die Vereniging van Kamers van Koophandel van Suid-Afrika:—

Mnr. James Charles Herman Stedall in die plek van mnr. Alfred George Arundell as plaasvervanger vir mnr. Francis Reginald St. John Acton, met ingang van 18 Februarie 1965 en vir 'n tydperk eindigende 31 December 1966.

No. 338.] [12 Maart 1965.

TENDERS VIR VYFJAAROBLIGASIES VIR NIE-INWONERS.

Tenders sal om 11 uur vm. op 1 April 1965, sluit vir Vyfjaarobligasies vir Nie-inwoners ter waarde van ongeveer R3,000,000 (driemiljoen rand) teen 'n minimum prys van R90·00% (negentig rand persent) op die terme en voorwaardes soos neergelê in die Prospektus, gedateer 1 Julie 1964.

Prospektusse is by banke in die Republiek en Suidwes-Afrika, sowel as by die Tesourie, Uniegebou, Pretoria, verkrygbaar.

Elke tender moet van 'n aparte tjek vergesel gaan.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

No. 344.] [12 Maart 1965.

Ooreenkomstig artikels *sewe-en-tagtig* en *agt-en-tagtig* van die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946 (Wet No. 46 van 1946), soos gewysig, word hierby bekendgemaak dat mnr. Jurie Wynand Fourie Swanepoel op 3 Maart 1965, behoorlik as lid van die Volksraad vir die Kiesafdeling Kimberley-Noord verkies is.

GOVERNMENT NOTICES.

DEPARTMENT OF FINANCE.

No. 324.] [12 March 1965.

STATE TENDER BOARD.

In terms of the provisions of the State Tender Board Regulations published under Government Notice No. R. 1541 of 2nd October, 1964, and amended by Government Notice No. R. 2033 of 11th December, 1964, the Minister of Finance has made the undermentioned appointment to the State Tender Board:—

Representing the Association of Chambers of Commerce of South Africa:—

Mr. James Charles Herman Stedall in the place of Mr. Alfred George Arundell as alternate to Mr. Francis Reginald St. John Acton, with effect from 18th February, 1965, and for a period ending 31st December, 1966.

No. 338.] [12 March 1965.

TENDERS FOR FIVE-YEAR NON-RESIDENT BONDS.

Tenders will close at 11 a.m. on the 1st April, 1965, for Five-Year Non-Resident Bonds, to the value of approximately R3,000,000 (three million rand) at a minimum price of R90·00% (ninety rand per cent), on the terms and conditions stipulated in the Prospectus, dated the 1st July, 1964.

Prospectuses are obtainable from banks in the Republic and South West Africa, as well as from the Treasury, Union Buildings, Pretoria.

Each tender must be accompanied by a separate cheque.

DEPARTMENT OF THE INTERIOR.

No. 344.] [12 March 1965.

In accordance with sections *eighty-seven* and *eighty-eight* of the Electoral Consolidation Act, 1946 (Act No. 46 of 1946), as amended, it is hereby notified that on the 3rd March, 1965, Mr. Jurie Wynand Fourie Swanepoel was duly elected as a member of the House of Assembly for the Electoral Division of Kimberley North.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. 345.] [12 Maart 1965.

Onderstaande statistiek betreffende die verkiesing van 'n lid van die Volksraad vir die Kiesafdeling Kimberley-Noord, gehou op 3 Maart 1965, word vir algemene inligting gepubliseer:—

No. 345.] [12 March 1965.

The following statistics relating to the election of a member of the House of Assembly for the Electoral Division of Kimberley North, held on the 3rd March, 1965, are published for general information:—

Kiesafdeling. *Electoral Division.*	Stemme uitgebring op. *Votes Polled for.*		Getal verworpe stembriefies. *Number of Ballot Papers Rejected.*	Totale getal stemme uitgebring. *Total Number of Votes Polled.*	Getal kiesers op kieserslys. *Number of Voters on Voters' List.*
Kimberley-Noord/*North*.....	Swanepoel, J. W. F.....	4,719	42	6,834	11,742
	Brand, J. C. H.....	2,073			

DEPARTMENT VAN WATERWESE.

No. 346.] [12 Maart 1965.

BOSPOORT-STAATSWATERSKEMA.

VERHOGING VAN WATERKWOTA.

Die Minister van Waterwese het kragtens artikel *drie-en-sestig* (2) (*b*) en (3) van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), bepaal dat 'n waterkwota van agtien punt vyf (18·5) kusekuur per ingelyste morg per jaar onder bogenoemde skema vir die waterjaar 1 April 1964 tot 31 Maart 1965 toegeken word.

Genoemde waterkwota is onderworpe aan hersiening indien omstandighede in so 'n mate sou verbeter.

Hierdie kennisgewing vervang alle vorige kennisgewings in hierdie verband.

DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS.

No. 346.] [12 March 1965.

BOSPOORT GOVERNMENT WATER SCHEME.

RAISING OF WATER QUOTA.

The Minister of Water Affairs has, in terms of section *sixty-three* (2) (*b*) and (3) of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), determined that a water quota of eighteen point five (18·5) cusec-hours per scheduled morgen per year be allocated under the above-mentioned scheme for the water year 1st April, 1964, to 31st March, 1965.

The above-mentioned water quota is subject to review should circumstances improve to such an extent.

This notice is in substitution for all previous notices in this connection.

DEPARTEMENT VAN LANDE.

No. 339.] [12 Maart 1965.

VOORGESTELDE VERHURING VAN GEDEELTES VAN DIE STRAND EN DIE SEE TE GLENASHLEY, PROVINSIE NATAL, VIR DIE AANLÊ EN INSTANDHOUDING VAN 'N UITVLOEISTELSELPYPLYN DAAROP.

Hierby word, ingevolge subartikel (5) van artikel *drie* van die Strandwet, 1935, soos gewysig, bekendgemaak dat die Minister van Lande voornemens is om gedeeltes van die strand en die seebedding, ongeveer 10 voet wyd en 20 voet seewaarts vanaf die laagwatermerk, geleë teenoor Persele Nos. 819 en 802, dorp Glenashley in die Provinsie Natal, aan Glenashley Properties (Edms.), Beperk, te verhuur vir die doel van die aanlê en instandhouding van 'n uitvloeistelselpyplyn daarop.

'n Liggingsplan lê ter insae in die kantoor van die Streeksverteenwoordiger, Departement van Lande, Pietermaritzburg. (Lande 15359.)

No. 340.] [12 Maart 1965.

TERUGNEMING VAN DIE RESTANT VAN DIE CHALUMNA-UITSPANNING, AFDELING OOS-LONDEN.

Hierby word bekendgemaak dat die Staatspresident, ooreenkomstig artikel *drie* (1) van Wet No. 41 van 1902 (Kaap), sy goedkeuring geheg het aan die opheffing van die uitspanningserwituut en die terugneming van die Restant van die Chalumna-uitspanning, geleë in die afdeling Oos-Londen, Provinsie die Kaap die Goeie Hoop, groot ongeveer 600 morg.

(Lande D.6996.)

DEPARTMENT OF LANDS.

No. 339.] [12 March 1965.

PROPOSED LEASE OF PORTIONS OF THE SEA-SHORE AND THE SEA AT GLENASHLEY, PROVINCE OF NATAL, FOR THE PURPOSE OF LAYING AND MAINTAINING AN EFFLUENT DISPOSAL PIPELINE THEREON.

Notice is hereby given, in terms of sub-section (5) of section *three* of the Sea-shore Act, 1935, as amended, that the Minister of Lands proposes to lease to Glenashley Properties (Pty.), Limited, portions of the sea-shore and the bed of the sea, approximately 10 feet wide and extending 20 feet beyond low-water mark, situate opposite Lots Nos. 819 and 802, Glenashley Township, in the Province of Natal, for the purpose of laying and maintaining an effluent disposal pipeline thereon.

A site plan lies for inspection at the office of the Regional Representative, Department of Lands, Pietermaritzburg. (Lands 15359.)

No. 340.] [12 March 1965.

RESUMPTION OF THE REMAINDER OF THE CHALUMNA OUTSPAN, DIVISION OF EAST LONDON.

It is hereby notified that the State President has approved, in terms of section *three* (1) of Act No. 41 of 1902 (Cape), the cancellation of the outspan servitude and resumption of the Remainder of the Chalumna Outspan, situate in the Division of East London, Province of the Cape of Good Hope, measuring approximately 600 morgen.

(Lands D.6996.)

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. 341.] [12 Maart 1965.

VOORGESTELDE VEHURING VAN 'N GEDEELTE VAN DIE STRAND EN DIE SEE TE SALDANHA, AFDELING MALMESBURY.

Hierby word ingevolge artikel *drie* (5) van die Strandwet, 1935, bekendgemaak dat die Minister van Lande van voorneme is om 'n verdere gedeelte van die strand en die see, groot ongeveer 40,000 vierkante voet, wat grens aan die suidekant van die Staat se bestaande seehoof te Saldanha, afdeling Malmesbury, aan Sea Harvest Corporation (Pty.), Ltd. te verhuur vir doeleindes van die uitbreiding van die voorgestelde visfabriek waarna verwys word in Goewermentskennisgewing No. 2136 van 31 Desember 1964.

'n Liggingsplan lê ter insae in die kantoor van die Streeksverteenwoordiger, Departement van Lande, Grand Parade-Sentrum, Trafalgar Place, Kaapstad.

(Lande D.824/65.)

No. 341] [12 March 1965.

PROPOSED LEASE OF A PORTION OF THE SEA-SHORE AND THE SEA AT SALDANHA, DIVISION OF MALMESBURY.

Notice is hereby given in terms of section *three* (5) of the Sea-shore Act, 1935, that the Minister of Lands proposes to lease a further portion of the sea-shore and the sea, in extent approximately 40,000 square feet, adjoining the southern side of the State's existing jetty at Saldanha, Division of Malmesbury, to Sea Harvest Corporation, (Pty.), Ltd., for the purpose of an extension to the proposed fish factory referred to in Government Notice No. 2136 of 31st December, 1964.

A locality plan lies for inspection at the office of the Regional Representative, Department of Lands, Grand Parade Centre, Trafalgar Place, Cape Town.

(Lands D.824/65.)

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING.

No. 342.] [12 Maart 1965.

WYSIGING VAN DIE BURGERMAGREGULASIES.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van paragraaf (*s*) van subartikel (1) van artikel *sewe-en-tagtig* van die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957), soos gewysig, die Burgermagregulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1031, gedateer 25 Junie 1926, soos gewysig, soos volg te wysig:—

HOOFSTUK X.

Regulasie 4.

Vervang die bestaande opskrif en regulasie 4 deur die volgende nuwe opskrif en regulasie 4:—

„*Tenuevoorskrifte.*

4. (1) Tenuevoorskrifte word ooreenkomstig die skale bedoel in regulasies 2 en 3 van hierdie hoofstuk, behoudens die goedkeuring van die Kwartiermeester-generaal en in oorleg met die betrokke Staf- of Afdelingshoof opgestel en in die Staande Orders van iedere betrokke eenheid of opleidingsinrigting gepubliseer.

(2) Manskappe is verplig om, terwyl hulle opleiding ingevolge artikel *twee-en-twintig, drie-en-twintig, vier-en-twintig* of *vier-en-twintig bis* van die Wet ondergaan of diens ingevolge Hoofstuk X van die Wet doen of spesiale diens verrig, te alle tye ooreenkomstig die tenuevoorskrifte in uniform geklee te gaan afgesien daarvan of hulle op diens is of nie.

(3) Geen uniformstuk of uitrusting wat aan 'n lid uitgereik is, mag op enige ander tyd as dié waarop hy op militêre diens is, gedra word nie.

(4) 'n Eenheidsbevelvoerder kan te eniger tyd 'n lid gelas om die uniform, wapens of uitrusting wat aan hom uitgereik is, vir inspeksie te toon, en kan opdrag gee dat sodanige uniform, wapens of uitrusting in die eenheidsmagasyn bewaar moet word wanneer dit nie in gebruik is nie."

Wysigingsblaadjie No. 181.]

DEPARTMENT OF DEFENCE.

No. 342.] [12 March 1965.

AMENDMENT TO THE CITIZEN FORCE REGULATIONS.

The State President has been pleased, in terms of paragraph (*s*) of sub-section (1) of section *eighty-seven* of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957), as amended, to amend the Citizen Force Regulations promulgated by Government Notice No. 1031, dated the 25th June, 1926, as amended, as follows:—

CHAPTER X.

Regulation 4.

Substitute the following new heading and regulation 4 for the existing heading and regulation 4:—

"*Instructions for Dress.*

4. (1) Instructions for dress shall be compiled in accordance with the scales referred to in regulations 2 and 3 of this chapter, subject to the approval of the Quartermaster General in consultation with the Chief of Staff or Head of Section concerned, and published in the Standing Orders of each unit or training establishment concerned.

(2) Other ranks shall, whilst undergoing training in terms of section *twenty-two, twenty-three, twenty-four* or *twenty-four bis* of the Act or serving in terms of Chapter X of the Act or performing special duty, at all times whether they are on duty or not be required to wear uniform in accordance with the instructions for dress.

(3) No item of uniform or equipment issued to a member may be worn at any time other than whilst he is on military duty.

(4) A unit commander may at any time order a member to produce for inspection the uniform, weapons or equipment issued to him and may order that such uniform, weapons or equipment, when not in use shall be stored in the unit store."

Amendment Slip No. 181.]

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. 335.] [12 Maart 1965.

LOONWET, 1957.

LOONRAADONDERSOEK. — ONGESKOOLDE ARBEID (PLAASLIKE OWERHEDE), SEKERE TRANSVAALSE GEBIEDE.

Die opdrag in die Bylae wat hierby gaan, is deur die Loonraad ontvang, en kennis word hierby ingevolge artikel *nege* van die Loonwet, 1957, gegee dat die ondersoek begin het en dat die Raad te geleëner tyd 'n verslag

DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 335.] [12 March 1965.

WAGE ACT, 1957.

WAGE BOARD INVESTIGATION.—UNSKILLED LABOUR (LOCAL AUTHORITIES), CERTAIN TRANSVAAL AREAS.

The reference contained in the Annexure hereto has been received by the Wage Board, and it is hereby notified, in terms of section *nine* of the Wage Act, 1957, that the investigation has commenced and that the

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

en aanbeveling oor ongeskoolde arbeid in sekere Transvaalse gebiede aan die Minister van Arbeid sal voorlê.

Belanghebbende persone word hierby die geleentheid gebied om skriftelike vertoë tot die Raad te rig. Sodanige vertoë, saam met sewe kopieë daarvan, moet die Sekretaris, Loonraad, Privaatsak 108, Pretoria, voor of op 9 April 1965 bereik.

J. T. LLEWELLYN,
Sekretaris, Loonraad.

Die Minister van Arbeid versoek die Loonraad ooreenkomstig artikel *vier* van die Loonwet, 1957, om ondersoek in te stel na en aan hom verslag te doen oor ongeskoolde arbeid ten opsigte van plaaslike owerhede in die landdrosdistrikte Alberton, Benoni, Boksburg, Germiston (uitgesonderd die munisipale gebiede van Germiston en Elsburg), Johannesburg (uitgesonderd die munisipale gebied van Johannesburg), Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Pretoria (uitgesonderd die munisipale gebied van Lyttelton), Randfontein, Roodepoort, Sasolburg, Springs, Vanderbijlpark en Vereeniging.

In hierdie opdrag beteken—

(*a*) „ongeskoolde arbeid", sonder om die gewone betekenis daarvan enigsins te beperk—

(1) etikette op artikels of houers plak of dit merk, brandmerk, stempel of sjabloneer of etikette perforeer;
(2) posseëls op briewe, pakkette of ander artikels plak;
(3) sement- of kalkdagha met die hand, met 'n sak, handskoen of op ander soorgelyke wyse aan mure smeer;
(4) 'n vakman behulpsaam wees op 'n ander wyse as deur die gereedskap van sy vak selfstandig te gebruik;
(5) trekwerk doen, behalwe meganiese trekwerk (windas), met inbegrip van sinjale gee;
(6) enige ou metaal, masjien, wrak, voertuig of brug met hamers, sae, beitels, koevoete of skroefsleutels buig of opbreek, of onder toesig met blaaslamp buig of sny;
(7) onder toesig voorbrande maak of veld- of bosbrande blus;
(8) dra, oplig, sleep, stoot, trek, verpak, opstapel, rol of verskuif van enige artikel, voertuig of houer, hetsy in of op die werkplek, pakkamer, loods, perseel, voertuig of spoorwegwa, behalwe deur die gebruik van kragtoerusting; enige artikel begrawe;
(9) nasien, met 'n telbord telling hou of opstapel van sakke;
(10) bene stukkend kap, vet opsny of uitbraai, of vet deur masjiene stuur;
(11) hout of ander materiaal fynkap; brandhout met 'n handsaag saag;
(12) verstoppings van kragstasiesiwwe of deurlope skoonmaak; riole of rioolstelsels onder toesig skoonmaak;
(13) bakstene, klippe of beton met hamers, troffels of ander nie-kragaangedrewe gereedskap skoonmaak of afvlak;
(14) diere skoonmaak of karkasse afwas;
(15) afval, huide of velle skoonmaak of sorteer;
(16) worsderms skoonmaak;
(17) persele, deure, vensters, toerusting, gereedskap, masjinerie, meubels, voertuie, tenks, houers of ander artikels skoonmaak of was en dit sluit in meubels, vloere of voertuie poleer of tapyte uitborsel;
(18) rots- of klipmonsters versamel;
(19) pype koppel of ontkoppel, vas- of losskroef;
(20) rantsoene kook of tee of soortgelyke dranke vir werknemers maak of aan hulle bedien of tee of ander verversings vir werkgewers of hulle gaste maak of aan hulle bedien;
(21) koekepanne koppel of ontkoppel; spore lê of vas- of losbout;
(22) bokseile oorgooi of afhaal;

Board will in due course submit a report and recommendation on unskilled labour in certain Transvaal areas to the Minister of Labour.

Interested persons are hereby given the opportunity of making written representations to the Board. Such representations, accompanied by seven copies thereof, should reach the Secretary, Wage Board, Private Bag 108, Pretoria, not later than the 9th April, 1965.

J. T. LLEWELLYN,
Secretary, Wage Board.

The Minister of Labour requests the Wage Board, in terms of section *four* of the Wage Act, 1957, to investigate and report to him concerning unskilled labour in respect of local authorities in the Magisterial Districts of Alberton, Benoni, Boksburg, Germiston (excluding the Municipal Areas of Germiston and Elsburg), Johannesburg (excluding the Municipal Area of Johannesburg), Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Pretoria (excluding the Municipal Area of Lyttelton), Randfontein, Roodepoort, Sasolburg, Springs, Vanderbijlpark and Vereeniging.

In this reference—

(*a*) "unskilled labour" means, without limiting the ordinary meaning whatsoever—

(1) affixing labels to or marking, branding, stamping or stencilling articles or containers or perforating labels;
(2) affixing stamps to letters, parcels or other articles;
(3) applying cement or lime mortar to walls by hand, with bag, glove or other similar means;
(4) assisting an artisan, other than by indepedently using the tools of his trade;
(5) attending haulage, other than mechanical haulage (winch driving), including signalling;
(6) bending or cutting under supervision by means of a blowlamp, or bending or breaking up by means of hammers, saws, chisels, crowbars, or spanners, any scrap metal, machine, wreck, vehicle or bridge;
(7) burning fire-breaks or extinguishing veld or bush fires under supervision;
(8) carrying, lifting, pulling, pushing, hauling, packing, stacking, rolling or moving any article, vehicle or container whether in or on the workshop, storeroom, shed, premises, vehicle or railway truck, other than by the use of power equipment, burying any article;
(9) checking, keeping tally or stacking of bags;
(10) chopping bones, cutting up or melting fat or putting fat through machines;
(11) chopping up wood or other material; sawing firewood by means of a hand saw;
(12) cleaning blockages from power station screens or culverts; cleaning drains or sewerage systems under supervision;
(13) cleaning or levelling bricks, stones or concrete by means of hammers, trowels or other non-powerdriven tools;
(14) cleaning animals or washing carcasses;
(15) cleaning or sorting offal, hides or skins;
(16) cleaning sausage skins;
(17) cleaning or washing premises, doors, windows, equipment, tools, machinery, furniture, vehicles, tanks, containers or other articles, including polishing furniture, floors or vehicles or brushing carpets;
(18) collecting samples of rock or stone;
(19) connecting or disconnecting, screwing or unscrewing pipes;
(20) cooking rations or making or serving tea or similar beverages for or to employees or making or serving tea or other refreshments for or to employers or their guests;
(21) coupling or uncoupling cocopans; laying or bolting or unbolting tracks;
(22) covering with or removing tarpaulins;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(23) pype onder toesig afsaag of skroefdraad daaraan sny;
(24) draad, tou of goiingsak met die hand sny;
(25) die horings van karkasse verwyder;
(26) boodskappe, pakkette, briewe of goedere te voet of per trapfiets, driewieler of handvoertuig aflewer of vervoer;
(27) ongedierte onder toesig vernietig;
(28) met die hand boor;
(29) voertuie dryf wat deur diere getrek word;
(30) padtekens oprig of uithang of waarskuwingslampe opstel;
(31) steiers onder toesig oprig;
(32) prosesvate, tenks of ander houers met die hand voer of daarvan uittap;
(33) vervoerbande, masjiene, vultregters, platforms of tenks voer of daarvan afneem;
(34) brandstoftenks volmaak; oliebakke leegtap of volmaak;
(35) tuinmaak, d.w.s. spit, hark, gras sny, strooi, meng, natmaak, heinings snoei, onkruid verwyder, bome of ander plantegroei afkap of verwyder, of onder toesig plant;
(36) persele of eiendom bewaak;
(37) diere in- of uitspan;
(38) metaalvate, tenks, pype, konkas of ander houers met stoom verhit;
(39) karkasse ophys of sleep op 'n ander manier as deur middel van meganiese kragtoestelle;
(40) pluimvee slag, pluk of skoonmaak of vis skoonmaak;
(41) spoorbaanballas lê of vasstamp of spore of dwarslêers in verband met die instandhouding van spoorbane na kragstasies hanteer;
(42) draad, behalwe elektriese draad, reg neerlê of vasmaak;
(43) lonte onder toesig aansteek;
(44) kampongs, latrines, stalle of buitegeboue witkalk, skoonmaak of ontsmet, of reinigings- of ontsmettingsmiddels aan houers van nagvuil aanwend;
(45) laai of aflaai;
(46) klip, gruis, grond, klei, sand of ander grondstowwe losmaak, uithaal, breek of strooi; met 'n skopgraaf skep, slote, gate of fondamente grawe of ander uitgrawingswerk met die hand verrig; boomstompe uitgrawe;
(47) mure onder toesig losmaak, afbreuk of opbreek;
(48) onder toesig planke, balke of ander soorte timmerhout, dakteëls, sinkplate, asbesplate of ander dakmateriaal losmaak of afbreek, of spykers daaruit verwyder;
(49) vuurmaak of vure aan die brand hou, hetsy in kaggels, oonde of enige ander vuurmaakplek, afval of as verwyder; sintels uitsoek;
(50) sakke heelmaak, skoonmaak of uitskud; sakke met die hand of masjien sny;
(51) lewende hawe oppas, skoonmaak, aanjaag, voer of op enige ander wyse versorg;
(52) 'n vervoerband of storter bedien;
(53) asfalt met sand, gruis, klei of gebreekte klip met die hand meng, of gemengde asfalt met skopgrawe, harke, vurke of met kruiwaens versprei, of asfalt met pype of kanne sprei, of asfalt vasstamp;
(54) pype of pale verlê, regsit, sleep of oplig; pale indryf of inplant;
(55) voertuie of masjinerie, maar nie elektriese opwekkingsmasjinerie of motorvoertuie nie, olie of smeer;
(56) steenkoolstortgeute oop- of toemaak;
(57) onder toesig krane of kleppe oopmaak of toemaak, of masjienhefbome verstel;
(58) deure of vensters oop- of toemaak;
(59) filterperse oop- of toemaak of filterdoeke verwyder of vervang;

(23) cutting or threading pipes under supervision;
(24) cutting wire, rope or hessian by hand;
(25) de-horning carcasses;
(26) delivering or conveying messages, parcels, letters or goods on foot or by means of a bicycle, tricycle or manually propelled vehicle;
(27) destruction of vermin under supervision;
(28) drilling by hand;
(29) driving animal drawn vehicles;
(30) erecting or hanging out road signs or putting up warning lamps;
(31) erecting scaffolding under supervision;
(32) feeding or tapping from processing vats, tanks or other containers by hand;
(33) feeding or taking off from conveyor belts, machines, hoppers, platforms or tanks;
(34) filling fuel tanks; draining or filling oil sumps;
(35) gardening, i.e. diggin, raking, mowing, spreading, mixing, watering, trimming hedges, weeding, felling or removing trees or other vegetation, or planting under supervision;
(36) guarding premises or property;
(37) harnessing or unharnessing animals;
(38) heating metal vats, tanks, pipes, drums or other containers by steam;
(39) hoisting or dragging carcasses otherwise than by means of power-driven mechanical appliances;
(40) killing, plucking or cleaning poultry or cleaning fish;
(41) laying or tamping rail track ballast or handling rails or sleepers in connection with the maintenance of railway tracks to power stations;
(42) laying out or affixing wire, other than electric wire;
(43) lighting fuses under supervision;
(44) limewashing, cleaning or disinfecting compounds, latrines, stables or outbuildings or applying, cleansing or disinfecting substances to night soil containers;
(45) loading or unloading;
(46) loosening, excavating, breaking or spreading stone, gravel, soil, clay, sand or other raw materials; shovelling, digging trenches, holes or foundations or performing other excavation work by hand; digging out tree stumps;
(47) loosening, demolishing or breaking up walls under supervision;
(48) loosening or taking down planks, beams or other kinds of timbering, roof tiling, corrugated iron sheets, asbestos sheeting or other roofing material, or removing nails therefrom under supervision;
(49) making or maintaining fires, whether in hearths, ovens or any other fire-place; removing refuse or ashes; sorting out cinders;
(50) mending, cleaning or shaking out bags; cutting bags by hand or machine;
(51) minding, cleaning, driving, feeding or in any other way tending livestock;
(52) minding a conveyor or tripper;
(53) mixing asphalt with sand, gravel, clay or crushed stone by hand, or spreading mixed asphalt by means of shovels, rakes, forks or wheelbarrows, or spreading asphalt with pipes or cans or ramming asphalt;
(54) moving, placing, dragging or lifting pipes or poles; driving in or planting poles;
(55) oiling or greasing vehicles or machinery, but not electric generating machinery or motor vehicles;
(56) opening or closing coal chutes;
(57) opening or closing cocks or valves or adjusting levers under supervision;
(58) opening or closing doors or windows;
(59) opening or closing filter presses or removing or changing filter cloths;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(60) briewe, pakkette, bottels, vate, kaste, blikke, platkissies, kartonne, konkas, sakke, bale of enige ander houer oopmaak, toemaak, volmaak of leegmaak; spoorwegwaens oop- of toemaak;

(61) baalperse of ander perse met die hand bedien of draad, hoepels, toue of metaalbande om kiste, sakke, vesel of bale sit en vasmaak;

(62) 'n hystoestel, goederehysbak, handpomp, kragboor, afrolmasjien, domkrag, windas, gangspil, naaimasjien of smidsblaasbalk bedien;

(63) artikels van gelyke grootte en getal in houers verpak wat spesiaal gemaak is om sodanige artikels te bevat;

(64) konkas verf, of skoorstene onder toesig verf;

(65) verkeerstekens of straatlyne met die hand verf; speelgronde met kalk of verf merk;

(66) bottels of soortgelyke houers in kragaangedrewe masjiene plaas of daaruit neem; etikette van bottels, kaste of ander artikels met die hand verwyder of etikette daarop plak; etikette aan kragaangedrewe etiketteermasjiene voer;

(67) briewe, omsendbriewe, dokumente, biljette, advertensies of ander geskrewe, gedrukte, getikte of afgerolde geskrifte in koeverte plaas of in pakkies opmaak;

(68) beton-, staal- of ander pype in posisie neerlê, verskuif of regsit;

(69) kabels in posisie trek, kabelslote toemaak of die grondoppervlakte herstel deur die opvulwerk te rol of vas te stamp;

(70) kruiwaens, trollies, waentjies of ander handvoertuie trek of stoot;

(71) sand of gruis met die hand uitpomp, was of sif;

(72) sement of beton in vorms stamp of vasstamp of beton in fondamente vasstamp, onderdele van vorms vir sement- of betonprodukte aanmekaarbout of op 'n ander manier saamvoeg of vorms uitmekaar haal;

(73) onsuiwerhede uit goiing of jute met die hand verwyder;

(74) nagemmers verwyder, leegmaak, skoonmaak of vervang;

(75) batterye afhaal, byvul of terugsit;

(76) dryfrieme afhaal of opsit;

(77) wiele of buite- of binnebande van motorvoertuie, fietse of kruiwaens afhaal, terugsit, omruil of oppomp of binnebande herstel;

(78) bokke, kratte of kiste met die hand herstel;

(79) goedere volgens voorafbepaalde gewig by herhaling weeg, of goedere volgens voorafbepaalde maat by herhaling meet;

(80) handdoeke, seep of toiletpapier vervang;

(81) vleis, velle of huide sout;

(82) vleis of bene met 'n handsaag saag;

(83) klaargemaakte karton- of veselborddose of soortgelyke houers met die hand opstel of uitmekaar haal of papier met die hand vou;

(84) met die hand sif;

(85) groente, vrugte, pluimvee, blomme of ander plaasprodukte sorteer of verpak;

(86) karkasse sorteer of stempel;

(87) artikels, pakkette, leë bottels, sakke of ander houers sorteer, vasbind of toedraai of ou metaal, afvalglas of afvalpapier sorteer of bymekaarmaak;

(88) remskoene en remme bedien;

(89) gifstowwe onder toesig spuit, sprei of aanwend;

(90) graan met grawe of skoppe oopsprei of omkeer;

(91) met die hand omroer of meng;

(92) sypaadjies, strate, voetpaadjies, parke, tuine, plesieroorde, swembaddens, watervore, rioolgate of slote vee of skoonmaak;

(93) artikels, geboue of toerusting met die hand teer;

(60) opening, closing, filling or emptying letters, parcels, bottles, casks, boxes, tins, trays, cartons, drums, bags, bales or any other containers; opening or closing railway trucks;

(61) operating baling presses or other presses by hand or placing or securing wire, hoops, ropes or metal bands around boxes, bags, fibre or bales;

(62) operating a hoist, goods lift, hand-pump, power drill, duplicating machine, jack, winch, capstan, sewing machine or forge bellows;

(63) packing articles of uniform size and number in containers specially made to contain such articles;

(64) painting drums, or painting chimneys under supervision;

(65) painting traffic signs or street lines by hand; marking playing fields with lime or paint;

(66) placing bottles or similar containers in power-driven machines or taking therefrom; removing labels from bottles, boxes or other articles by hand or affixing labels thereto; feeding labels to power-driven labelling machines;

(67) placing letters, circulars, documents, handbills, advertisements or other written, printed, typed or roneoed documents in envelopes or making them up into bundles;

(68) placing, moving or arranging concrete, steel or other pipes into position;

(69) pulling cables into position, filling in cable trenches or reinstating ground surface by stamping or rolling filling;

(70) pulling or pushing wheelbarrows, trolleys, barrows or other manually propelled vehicles;

(71) pumping, washing or screening sand or gravel by hand;

(72) ramming or tamping cement or concrete in moulds or ramming concrete in foundations, bolting or otherwise securing parts of or dismantling moulds for cement or concrete products;

(73) removing impurities from hessian or jute by hand;

(74) removing, emptying, cleansing or replacing sanitary pails;

(75) removing, topping up or replacing batteries;

(76) removing or replacing belts;

(77) removing, replacing, changing or inflating wheels or tires or tubes of motor vehicles, bicycles or wheelbarrows or repairing tubes;

(78) repairing trestles, crates or boxes by hand;

(79) repetitive weighing of goods to a predetermined weight or repetitive measuring of goods to a set measure;

(80) replacing towels, soap or toilet papers;

(81) salting meat, hides or skins;

(82) sawing meat or bones by means of a hand saw;

(83) setting up or taking apart ready-made cardboard or fibreboard boxes or similar containers or folding paper by hand;

(84) sieving by hand;

(85) sorting or packing vegetables, fruit, poultry, flowers or other farm produce;

(86) sorting or stamping carcasses;

(87) sorting, tying or wrapping articles, parcels, empty bottles, bags or other containers or sorting or collecting scrap metal, waste glass or waste paper;

(88) spragging or braking;

(89) spraying, spreading or applying toxins under supervision;

(90) spreading or turning over grain by means of spades or shovels;

(91) stirring or mixing by hand;

(92) sweeping or cleaning pavements, streets, footpaths, parks, gardens, pleasure resorts, swimming baths, water furrows, gullies or sluits;

(93) tarring articles, buildings or equipment by hand;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(94) goiing of jute met die hand pluis;
(95) staalversterkingsmateriaal onder toesig met draad verbind of vasheg, of sodanige materiaal sny, buig of inmekaarsit;
(96) rubber- of ander stempels gebruik waar seleksie of diskresie nie nodig is nie;
(97) oorpakke, uniforms of beskermende klere was;
(98) drade op- of afrol, in posisie lê, sleep of trek;

(*b*) „ plaaslike owerhede " beteken afdelingsrade, stadsrade, munisipale rade, dorpsrade, dorpsbesture, plaaslike bestuursrade, dorpsbestuursrade of gesondheidskomitees, die Gesondheidsraad vir Buite-Stedelike Gebiede ingestel kragtens die Ordonnansie tot Instelling van 'n Gesondheidsraad vir Buite-Stedelike Gebiede, 1943 (Ordonnansie No. 20 van 1943) van Transvaal, die Kommissie vir Plaaslike Gesondheid ingestel kragtens die Ordonnansie op die Kommissie vir Plaaslike Gesondheid (Beheer oor Openbare Gesondheidsgebiede), 1941 (Ordonnansie No. 20 van 1941) van Natal, en enige ander soortgelyke instelling of liggaam wat in paragraaf (*f*) van subartikel (1) van artikel *vier-en-tagtig* van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, beoog word.

Vir die doel van hierdie ondersoek gee die Minister opdrag dat die ondersoek ingestel moet word ten opsigte van alle werknemers wat „ ongeskoolde arbeid " verrig.

Ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *ses* van die Wet gee die Minister voorts aan die Raad opdrag om 'n aanbeveling aan hom voor te lê.

No. 343.] [12 Maart 1965.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956.

AFBAKENING KRAGTENS ARTIKEL *SES-EN-SEWENTIG.* — ELEKTROTEGNIESE AANNEMINGSNYWERHEID, TRANSVAAL.

Hierby word ingevolge subartikel (5) van artikel *ses-en-sewentig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, soos gewysig, bekendgemaak dat die Landdroshof, Germiston, kragtens subartikel (4), gelees met subartikel (1) van genoemde artikel, die vraag vir vasstelling na die Nywerheids verwys het of die werkgewer J. H. Curtis & Sons (Pty.), Ltd., van Stanhopeweg 52, Malvern-Oos, Germiston, en sy werknemers of enige van hulle betrokke by of in diens in die Elektrotegniese Aannemingsnywerheid, Transvaal, soos omskryf in die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 266 van 15 Februarie 1963, soos gewysig, is of was; en of voormelde Ooreenkoms vir die Elektrotegniese Aannemingsnywerheid, Transvaal, bindend is of was vir genoemde werkgewer en sy werknemers of enige van hulle en, indien wel, in watter mate.

Belanghebbende persone of liggame word hierby die geleentheid gebied om skriftelike vertoë in verband met die aangeleentheid by die Nywerheidshof in te dien. Hierdie vertoë, tesame met ses afskrifte daarvan, moet die Sekretaris van die Nywerheidshof, Privaatsak 277, Pretoria, voor of op 26 Maart 1965 bereik.

G. H. F. CROUS,
Sekretaris, Nywerheidshof.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

No. 336.] [12 Maart 1965.

INSTELLING VAN HOWE TE SABIE EN GRASKOP, ALBEI IN DIE DISTRIK PELGRIMSRUS, EN DIE AANWYSING VAN SABIE IN DAARDIE DISTRIK AS DIE LANDDROSSETEL.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragrawe (*e*) en (*h*) van artikel *twee* van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), soos gewysig, bepaal

(94) teasing hessian or jute by hand;
(95) tying or securing steel reinforcing materials with wire, under supervision, or cutting, bending or assembling such materials;
(96) using rubber or other stamps where selection or discretion is unnecessary;
(97) washing overalls, uniforms or protective clothing;
(98) winding or unwinding, putting into position, dragging or pulling wire;

(*b*) " local authorities " means divisional councils, city councils, municipal councils, borough councils, town councils, village councils, town boards, local boards, village management boards or health committees, the Peri-Urban Areas Health Board established under the Peri-Urban Areas Health Board Ordinance, 1943 (Ordinance No. 20 of 1943) of Transvaal, the Local Health Commission constituted under the Local Health Commission (Public Health Areas Control) Ordinance, 1941 (Ordinance No. 20 of 1941), of Natal, and any other similar institution or body contemplated in paragraph (*f*) of sub-section (1) of section *eighty-four* of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961.

For the purpose of this investigation the Minister directs that the investigation shall be in respect of all employees performing " unskilled labour ".

In terms of sub-section (1) of section *six* of the Act, the Minister further directs the Board to submit to him a recommendation.

No. 343.] [12 March 1965.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956.

DEMARCATION IN TERMS OF SECTION *SEVENTY-SIX.*—ELECTRICAL CONTRACTING INDUSTRY, TRANSVAAL.

It is hereby notified in terms of sub-section (5) of section *seventy-six* of the Industrial Conciliation Act, 1956, as amended, that the Magistrate's Court, Germiston, has, in terms of sub-section (4), read with sub-section (1) of the said section, referred to the Industrial Tribunal for determination the question whether the employer J. H. Curtis & Sons (Pty.), Ltd., of 52 Stanhope Road, Malvern East, Germiston, and its employees or any of them, are or were engaged or employed in the Electrical Contracting Industry, Transvaal, as defined in the Agreement published under Government Notice No. 266 of the 15th February, 1963, as amended; and whether the aforesaid Agreement for the Electrical Contracting Industry, Transvaal, is or was binding on the said employer and its employees or any of them and, if so, to what extent.

Interested persons or bodies are hereby given the opportunity of making written representations to the Industrial Tribunal in regard to the matter. Such representations, together with six copies thereof, should reach the Secretary, Industrial Tribunal, Private Bag 277, Pretoria, not later than the 26th March, 1965.

G. H. F. CROUS,
Secretary, Industrial Tribunal.

DEPARTMENT OF JUSTICE.

No. 336.] [12 March 1965.

ESTABLISHMENT OF COURTS AT SABIE AND GRASKOP, BOTH IN THE DISTRICT OF PILGRIM'S REST, AND THE APPOINTMENT OF SABIE AS THE SEAT OF MAGISTRACY.

Under and by virtue of the powers vested in me by paragraphs (*e*) and (*h*) of section *two* of the Magistrates' Act, 1944 (Act No. 32 of 1944), as amended, I,

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

ek, BALTHAZAR JOHANNES VORSTER, Minister van Justisie, Sabie en Graskop, albei in die distrik Pelrimsrus, provinsie Transvaal, as plekke waar hofsittings vir gemelde distrik gehou kan word en wys Sabie as die landdrossetel vir daardie distrik aan.

Goewermentskennisgewing No. 1748 van 1963 word hierby ingetrek.

B. J. VORSTER,
Minister van Justisie.

BALTHAZAR JOHANNES VORSTER, Minister of Justice, appoint Sabie and Graskop, both in the District of Pilgrim's Rest, Province of the Transvaal, as places for the holding of court for that district and appoint Sabie as the seat of magistracy for that district.

Government Notice No. 1748 of 1963 is hereby withdrawn.

B. J. VORSTER,
Minister of Justice.

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE.

No. 349.] [12 Maart 1965.

Met verwysing na Goewermentskennisgewing No. 65 van 15 Januarie 1960, soos herpubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 97 van 24 Januarie 1964, word hierby bekendgemaak dat die Konsulaat van die Filippyne in Kaapstad op 9 Februarie 1965 gesluit is en dat mnr. Viggo F. Lindhard vanaf dié datum nie langer as Ere-konsul van die Filippyne optree nie.

No. 350.] [12 Maart 1965.

Met verwysing na Goewermentskennisgewing No. R. 241 van 21 Februarie 1964, word hierby bekendgemaak dat die Portugese Konsulaat in Lüderitz op 27 Februarie 1963 gesluit is en dat mnr. Saul Mathews Druker vanaf daardie datum nie langer as Ere-konsul van Portugal optree nie.

No. 351.] [12 Maart 1965.

Dit het die Staatspresident behaag om op 29 Januarie 1965 erkenning te verleen, met ingang van 6 Januarie 1965 aan mnr. Ming-Chung Chen as Konsul van die Republiek China in Johannesburg met die Republiek van Suid-Afrika as sy regsgebied.

No. 352.] [12 Maart 1965.

Dit het die Staatspresident behaag om op 17 Februarie 1965 erkenning te verleen aan mnr. Alberto E. Duarte as Ere-konsul van Uruguay in Durban met die Provinsie Natal as sy regsgebied in afwagting van die uitreiking aan hom van 'n Erkenningsbesluit.

DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS.

No. 349.] [12 March 1965.

With reference to Government Notice No. 65 of the 15th January, 1960, as republished by Government Notice No. R. 97 of the 24th January, 1964, it is hereby notified that the Consulate of the Philippines in Cape Town was closed down on the 9th February, 1965, and that on that date Mr. Viggo F. Lindhard ceased to act as Honorary Consul of the Philippines. 72/81/1.

No. 350.] [12 March 1965.

With reference to Government Notice No. R. 241 of the 21st February, 1964, it is hereby notified that the Portuguese Consulate in Lüderitz was closed down on the 27th February, 1963, and that on that date Mr. Saul Mathews Druker ceased to act as Honorary Vice-Consul of Portugal. 72/14/9.

No. 351.] [12 March 1965.

The State President has been pleased to grant recognition on the 29th January, 1965, with effect from the 6th January, 1965, to Mr. Ming-Chung Chen as Consul of the Republic of China in Johannesburg with the Republic of South Africa as his area of jurisdiction. 72/142/1.

No. 352.] [12 March 1965.

The State President has been pleased to grant recognition on the 17th February, 1965, to Mr. Alberto E. Duarte as Honorary Consul of Uruguay in Durban with Natal as his area of jurisdiction in anticipation of the issuance to him of an Exequatur. 72/47/2.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

No. 347.] [12 Maart 1965.

GROND VIR DIE AFPENNING VAN KLEIMS OOPVERKLAAR.

Die Staatspresident het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikels *dertig* en *honderd* van die „Precious and Base Metals Act", 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), verklaar dat die grond wat voorheen gehou is as kleims, waarvan besonderhede in bygaande Bylae gemeld word, vanaf 9 vm. op die 12de dag van Maart 1965 oop is vir die afpenning van kleims ooreenkomstig die bepalings van Hoofstuk V van genoemde Wet.

M.M. 22/5/8(63).

DEPARTMENT OF MINES.

No. 347.] [12 March 1965.

GROUND DECLARED OPEN FOR THE PEGGING OF CLAIMS.

The State President, under the powers vested in him by sections *thirty* and *one hundred* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), has declared that the ground previously held as claims, details of which appear in the attached Schedule, shall be open for the pegging of claims in accordance with the provisions of Chapter V of the said Act, as from 9 a.m. on the 12th day of March, 1965.

M.M. 22/5/8(63).

BYLAE.—*SCHEDULE.*

MYNDISTRIK BARBERTON.—*MINING DISTRICT OF BARBERTON.*

ONEDELMETAALKLEIMS.—*BASE METAL CLAIMS.*

Lis. no. *Lic. No.*	Onderskeidingsnommers van kleims. *Distinctive Numbers of Claims.*	Getal kleims. *No. of Claims.*	Kaart-no. *Diagram No.*	Naam van laaste geregistreerde houer, plaas en nommer. *Name of Last Registered Owner, Farm and Number.*	Eienaar van plaas *Owner of Farm.*
3602	Ongenommer/*Unnumbered*	93	—	S. A. Stoltz, Graskop No. 564 K.T.....	Goewerment/*Govermnent.*
3775	Ongenommer/*Unnumbered*	33	—	R. J. M. Meyer, Graskop No. 564 K.T.....	Goewerment/*Government.*
3776	Ongenommer/*Unnumbered*	33	—	R. J. M. Meyer, Graskop No. 564 K.T.....	Goewerment/*Government.*

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. 321.] [12 Maart 1965.

GROND VIR DIE AFPENNING VAN KLEIMS OOPVERKLAAR.

Die Staatspresident het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikels *dertig* en *honderd* van die „Precious and Base Metals Act", 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), verklaar dat die grond wat voorheen gehou is as kleims, waarvan besonderhede in bygaande Bylae gemeld word, vanaf 9 vm. op die 7de dag van April 1965 oop is vir die afpenning van kleims ooreenkomstig die bepalings van Hoofstuk V van genoemde Wet.

M.M. 22/1/8(64).
22/1/9(64).

No. 321.] [12 March 1965.

GROUND DECLARED OPEN FOR THE PEGGING OF CLAIMS.

The State President, under the powers vested in him by sections *thirty* and *one hundred* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), has declared that the ground previously held as claims, details of which appear in the attached Schedule, shall be open for the pegging of claims in accordance with the provisions of Chapter V of the said Act, as from 9 a.m. on the 7th day of April, 1965.

M.M. 22/1/8(64).
22/1/9(64).

BYLAE.—*SCHEDULE.*

MYNDISTRIK PIETERSBURG.—*MINING DISTRICT OF PIETERSBURG.*

PROSPEKTEERKLEIMS.—*PROSPECTING CLAIMS.*

Lis. no. *Lic. No.*	Onderskeidingsnommers van kleims. *Distinctive Numbers of Claims.*	Getal kleims. *No. of Claims.*	Kaart-no. *Diagram No.*	Naam van laaste geregistreerde houer, plaas en nommer. *Name of Last Registered Holder, Farm and Number.*	Eienaar van plaas *Owner of Farm.*
7270	Ongenommer/*Unnumbered*	1	—	G. P. Schoeman, Vrischgewaagd No. 33 K.S.	T. J. J. Geyser en/*and* H. J. Nel.
7343	Ongenommer/*Unnumbered*	1	—	G. P. Schoeman, Vrischgewaagd No. 33 K.S.	T. J. J. Geyser en/*and* H. J. Nel.
7438	Ongenommer/*Unnumbered*	50	—	H. J. Nel, Eersteling No. 17. K.S.....	African Gold and Base Metal Holdings, Limited.
7439	Ongenommer/*Unnumbered*	50	—	G. L. Coetzee, Eersteling No. 17 K.S.....	African Gold and Base Metal Holdings, Limited.
7440	Ongenommer/*Unnumbered*	50	—	J. F. M. Luyt, Eersteling No. 17 K.S.....	African Gold and Base Metal Holdings, Limited.
7443	Ongenommer/*Unnumbered*	1	—	F. J. Bakker, Eersteling No. 17 K.S.....	African Gold and Base Metal Holdings, Limited.
7447	Ongenommer/*Unnumbered*	1	—	G. P. Schoeman, Vrischgewaagd No. 33 K.S.	T. J. J. Geyser en/*and* H. J. Nel.
7415	Ongenommer/*Unnumbered*	20	—	E. J. Belstead, Eersteling No. 17 K.S.....	African Gold and Base Metal Holdings, Limited.
7457	Ongenommer/*Unnumbered*	1	—	A. M. Bell, Vrischgewaagd No. 33 K.S.....	T. J. J. Geyser en/*and* H. J. Nel.

